

Maandag 17 Augustus

Skrifgedeelte: 2 Samuel 6:12-23

Fokusgedeelte: 2 Samuel 6:21-23

Migal – Slagoffer in 'n magstryd

Jy word 'n stampblok tussen twee persone vir wie jy lief is, maar die twee kom nie met mekaar klaar nie. Jou pogings om hulle te versoen, misluk.

Saul se jongste dogter, Migal (wie is soos God?), was verlief op Dawid en raak toe 'n stampblok tussen die twee. Dawid moes sy lewe teen die Filistyne waag om Migal as vrou te kry (1 Sam. 18:25). Later het Migal Dawid help vlug omdat Saul hom wou doodmaak (1 Sam. 19:9-17). Saul het haar selfs aan 'n ander man gegee (1 Sam. 25:44). Dit is weer reggestel (2 Sam. 3:13).

Dawid het die verbondsark Jerusalem toe laat kom. Elke ses treë langs die pad is 'n bul en vetgemaakte kalf geoffer. Die volk het gejuig. Dawid het van vreugde gedans. Sy dans was alles behalwe welvoeglik. Migal het hom in stilte verag en hom toe smalend verwyd (2 Sam. 6:16, 20).

Dawid se reaksie was fel. Hy sou dans voor dié Here wat hom bo Saul en sy familie as koning verkies het (2 Sam. 6:21). Migal was niks meer nie as Saul se dogter. Die tragiese uiteinde van daardie konflik was dat Migal tot haar dood toe nie 'n kind gehad het nie.

Hierdie tragiese gebeure bewys dat geen mens – selfs nie die man na God se hart nie – in staat is om homself met God of met ander mense te versoen nie. Vir standhoudende versoening moes Christus kom. Hy moes die losprys betaal vir sy voorvader Dawid se sonde – ook vir ons s'n.

Ons roeping is nie om 'n stampblok tussen ander te wees nie. Ons moet die versoening wat Christus bewerk het in die geloof toe-eien en konkreet onder leiding van die Heilige Gees aan herstelde verhoudings met God en met ander beslag gee.

Sing: Skrifberyming 9-3:1, 2

Ds. JH (Johan) Jordaan (Vereeniging)